Aansoekvorm: b-Smart-Kaart

b-Smart

CAPE CONSUMERS - KAAPSE VERBRUIKERS
Kaapse Verbruikers (Edms) Bpk
Laer-Burgstraat 20, Posbus 2181, Kaapstad 8000
Telefoon 021 409 7600; Faks 086 698 2606
E-pos: capecon@capeconsumers.co.za
Webtuiste: www.capeconsumers.co.za

KAAPSE VERBRUIKERS (EDMS) BPK is 'n geregistreerde Kredietverskaffer in terme van die Nasionale Kredietwet Registrasienommer: NCRCP501

VIR KANTOORGEBRUIK: Rekeningnommer

A. PERSOONLIKE BESONDERHEDE (Verpligtend)

Titel | Volle voornaam | Ander voorletters | Van

SA idnr. | Heg asb afskrif van identiteitsdokument aan | RSA Inwoner JA NEE | E-pos

Telefoonnommers H | W | Sel | Faks

Residensiële adres | Poskode

Posadres (Indien verskil van residensiële adres) | Poskode

Besit u vaste eiendom? JA NEE | Indien nie, wat doen u? | Huur | Bly by ouers | Ander | Jare by huidige adres

Huwelikstatus Getroud Enkel Geskei Weduskap | Indien getroud Binne gemeenskap Buite gemeenskap Gewoontereg | Aantal afhanklikes | Voorkeur taal ENG AFR

Was u voorheen 'n lid van Kaapse Verbruikers? JA NEE | Indien "Ja" Rekeningnommer

B. PERSOONLIKE INLIGTING VAN GADE (voltooi indien binne gemeenskap van goedere getroud)

Gade se eerste naam | Nooiensvan (indien van toepassing) | Sel

Identiteitsnommer | E-pos

C. DIENSBESONDERHEDE (Verpligtend)

Tipe diens: Self | Verdien kommissie | Kontrakwerker | Permanent | Pensionaris

Volle naam en adres van huidige werkgewer - Self

Beroep | Diensjare | * Indien minder as 5 jaar, voltooi vorige werkgewer | Noem vorige werkgewer en dienstydperk

Volle naam en adres van huidige werkgewer - Gade

Tel. Nr. | Beroep | Diensjare | * Indien minder as 5 jaar, voltooi vorige werkgewer | Noem vorige werkgewer en dienstydperk

D. INLIGTING VAN 'N VRIEND OF FAMILIELID (verpligtend) (wie nie by u woon nie)

Hierdie inligting is vertroulik en sal nie vir bemarkingsdoeleindes gebruik word nie.

Van | Voorletters | Verwantskap | Huis telnr. | Werk telnr.

Huisadres (nie 'n busnommer) | Selnr.

E. BANKBESONDERHEDE (Verpligtend – hoofrekening)

Naam van bank | Takkode | Taknaam | Tipe rekening (verkieslik lopend) | Rekeningnommer

Aansoeker se paraaf:

Gade:

F. DEBIETORDERINSTRUKSIES (Opsioneel – slegs indien hierdie betalingsopsie verkies word)

Aan die Bank: maak asseblief onttrekkings vanuit die genomineerde rekening op datum van betaling van my rekening

Naam van bank | Taknaam | Tipe rekening | Rekeningnommer

Takkode | Handtekening van rekeninghouer | Datum van debietorder: 20 | 25 | Laaste werksdag | Eerste werksdag

G. GEMAGTIGDE GEBRUIKERS (Opsioneel)

Naam | Verwantskap | Identiteitsnommer | Handtekening

Naam | Verwantskap | Identiteitsnommer | Handtekening

U sal verantwoordelik wees vir betaling van aankope gedoen met hierdie kaarte. Neem asseblief kennis dat die uitreiking van addisionele kaarte in die diskresie van die Kredietverskaffer is.

H. BEMARKINGSOPSIES

U mag kies om van enige van die onderstaande opsies uitgesluit te word deur die toepaslike spasie af te merk.

Verkies u om uitgesluit te word van ons eie produkte (lenings, begrotings, huurkope, ens.) — JA | NEE

Verkies u om uitgesluit te word van telebemarkingsveldtogte wat deur of ten gunste van Kaapse Verbruikers gehou word — JA | NEE

Verkies u om uitgesluit te word van enige massa distribusie van e-pos of sms-boodskappe gestuur deur Kaapse Verbruikers (promosie aanbiedings deur Kaapse Verbruikers namens ons Verskaffers) — JA | NEE

Dit is Kaapse Verbruikers se beleid om nie kliëntelyste te verkoop of te versprei nie.

Verkies u om uitgesluit te word van spesiale aanbiedinge deur sleutelverskaffers namens Kaapse Verbruikers — JA | NEE

Verkies u om oorweeg te word vir 'n jaarlikse outomatiese kredietlimietverhoging — JA | NEE

Wil u u staat ontvang via: *(U benodig Adobe Acrobat Reader 5.4 of hoër op u rekenaar)* — E-pos | Pos

Waar het u van ons gehoor? — Webwerf | Koerant | Winkelsentrum | Pos

Lidverwysing: Lidnommer:

JA, ek/ons verleen toestemming aan Kaapse Verbruikers om my/ons kredietrekord/s na te gaan by enige geregistreerde kredietburo of ander Kredietverskaffer en alle inligting soos verskaf op hierdie aansoekvorm, te verifieer.

I. BEKOSTIGBAARHEIDSANALISE

Afskrif van nuutste salarisstrokie/s moet verskaf word

		Aansoeker	Gade *(getroud binne gemeenskap)*
Maandelikse Inkomste Bruto maandelikse salaris en ander inkomste	A		
Aftrekkings op salarisstrokie bv. Mediese fonds; Pensioen; Inkomstebelasting; Ander	B		
Netto Inkomste	A-B		
Totale maandelikse inkomste			
Maandelikse verpligtinge			
Verband-; huurpaaiement			
Belasting; water; krag; ens.			
Kos			
Vervoer			
Onderwys / opleidingskostes			
Kommunikasie: telefoon; selfoon			
Ander			
Sub-totaal	C		
Rekeninge (maandeliks)			
Persoonlike lenings			
Kredietkaarte / winkelkaarte			
Motorvoertuigfinansiering			
Meubelrekeninge			
Klererekeninge			
Ander			
Sub-totaal:	D		
Totale maandelikse verpligtinge:	C+D		

J. KREDIET EN BETALINGSGESKIEDENIS

Het u gedurende die afgelope drie maande aansoek gedoen vir kredietbestuur of skuldberading of is u tans onder administrasie of skuldberading? — JA | NEE

Het u tans 'n dispuut met 'n Kredietburo? — JA | NEE

Die Kredietverskaffer sal by sy plek van besigheid, 'n afskrif van die Terme en Voorwaardes hou en dit is ook beskikbaar op die webtuiste, www.capeconsumers.co.za.

K. BEVESTIGING VAN AANSOEK EN ERKENNING, BEVESTIGING EN TOESTEMMING

Hiermee waarborg ek/ons dat alle vrae en versoeke om inligting volledig en korrek deur my/ons beantwoord is as deel van hierdie assesseringsproses.

Ek/ons bevestig dat ek/ons, my/ons skuldaflossingsgeskiedenis volledig geopenbaar het.

Ek/ons bevestig dat ek/ons die Terme en Voorwaardes gelees het en dat ek/ons ten volle en korrek alle inligting deur die Kredietverskaffer versoek, ten einde hierdie ooreenkoms te sluit, verskaf het. Ek/ons bevestig dat ek/ons die risiko's en kostes inherent aan hierdie ooreenkoms en my/ons regte en verpligtinge ingevolge die gemelde ooreenkoms begryp en verstaan.

Handtekening van Aansoeker

Handtekening van Gade
(Indien binne gemeenskap van goedere getroud)

Indien onder administrasie, toestemming deur Administrateur

Geteken te_____ op hierdie ____ dag van _____

BELANGRIK! SLUIT DÍT BY U AANSOEK IN:
- 'n Afskrif van u id-dokument.
- 'n Afskrif van u mees onlangse salarisstrokie.

KOSTE VAN KREDIET

Administratiewe kostes	R 20.00 per maand

Kaartfooie

Kaartfooi vir elke addisionele kaart	R 48.00 per jaar
Kaartversekering	R 5.70 per jaar
Kaartfooi by vervanging	R 48.00

Betalingsfooie:
Die volgende kostes, indien van toepassing, sal verhaal word deur die Kredietverskaffer:

Kontant betalings by Eerste Nasionale Bank	
– Kontant deposito fooi (per R100.00)	R 0.59
(Minimum fooi van R5 van toepassing)	
Tjek deposito fooi	R 4.50
Alle betalings by Poskantoor	R 9.33
Alle betalings by Shoprite Geldmark	R 5.63
SMS balansnavraag (opsioneel)	R 3.00 per sms

Rentekoers:
Enige bedrag wat nie op die betaaldatum betaal is nie, sal rente dra teen 6% per jaar bo Eerste Nasionale Bank se prima uitleningskoers en sal wissel saam met Eerste Nasionale Bank se prima uitleningskoers.

Bonus:
U verbeur u bonus op enige bedrag wat nie op die betaaldatum betaal is nie.

Transaksiefooie

Transaksiefooi: per transaksie	60c

Maandeliks:
Heffing op aankope:
Onderstaande kostes is u bydrae tot aankope en is deel van u bonus.

2.50% op alle aankope by Shoprite, Checkers, Checkers Hyper, Liquor Store, House & Home en OK Grocer/ Mini Market/ Food/ Meubelwinkels

2.00% op alle aankope by Woolworths, deelnemende Spar, Superspar, Kwikspar, Tops Drankwinkels, Pick 'n Pay Familiewinkels, Pick 'n Pay Drankwinkels, Seven Eleven, Fruit & Veg City en Trade Centre

1.25% op alle aankope by Builders Warehouse, Dion, Game en Game Drankwinkels

1.25% asook geen bonus op apteekaankope

2.50% asook geen bonus op petrolaankope

Bogenoemde kostes is onderhewig aan verandering

TERME EN VOORWAARDES:

1. DEFINISIES:
1.1 Die Kredietverskaffer is:
Kaapse Verbruikers (Edms) Bpk, Registrasie Nr: 1955/003218/07, van Laer Burgstraat 20, Kaapstad.
1.2 Die Verskaffer:
Enige Verskaffer van goedere en/of dienste met wie die Kredietverskaffer kontrakteer het, as 'n benoemde Verskaffer aan die Verbruiker.
1.3 Die Verbruiker (Koper, soos gedefinieer in die Statute van die Kredietverskaffer):
Die persoon (Aansoeker) wat die kredietfasiliteit/kwotasie aanvaar en wie geregtig is om die b-Smart Kaart te gebruik om van die Verskaffers, soos hierin gedefinieer, te koop.
1.4 b-Smart Kaart:
'n Geldige elektroniese kaart wat aan die Verbruiker deur die Kredietverskaffer uitgereik word om transaksies tussen die Verbruiker en Verskaffers aangegaan, op rekord te plaas.
1.5 Kredietlimiet:
Die maksimum bedrag wat die Kredietverskaffer die Verbruiker toelaat om in enige handelsperiode ingevolge die kwotasie, soos aanvaar deur die Verbruiker, te spandeer.
1.6 Die Wet:
Die Nasionale Kredietwet, Nr 34 van 2005, en gewysigde Regulasies
1.7 Die Rekening:
Die rekening met die Kredietverskaffer nadat die aansoek vir die b-Smart Kaart, soos beskryf hierin, gedoen is.
1.8 Handelsperiode:
Die handelsperiode neem in aanvang op die 16de dag van elke opeenvolgende maand en verstryk op die 15de dag van die daaropvolgende maand, of enige ander datum soos vasgestel in die Kredietverskaffer se diskresie.
1.9 Aansoek:
Die geskrewe aansoekvorm voltooi deur die Verbruiker met betrekking tot 'n b-Smart kaart.
1.10 Die Kredietburo is:
Experian (Hoofkantoor) wat gekontak kan word by 0861 105 665
TransUnion (Hoofkantoor) wat gekontak kan word by 0861 482 482
Compuscan (Hoofkantoor) wat gekontak kan word by 0861 514 131
Expert Decision Systems (XDS) (Hoofkantoor) wat gekontak kan word by 0860 937 000
1.11 Prima uitleenkoers:
Die rentekoers soos gehef deur Eerste Nasionale Bank.
1.12 Kwotasie:
Die geskrewe kwotasie (Kredietlimiet) voorsien ingevolge hierdie Aansoek en Terme en Voorwaardes, soos vereis deur die Wet, welke kwotasie deel van die ooreenkoms tussen die Kredietverskaffer en die Verbruiker word, sodra dit skriftelik of mondelings deur stemopneming, deur die Verbruiker aanvaar word of by aanwending/benutting van die kaart deur die Verbruiker.
1.13 Betaaldatum:
Die laaste werksdag van elke kalendermaand.

2. BETALINGS:
2.1 Die Verbruiker sal betaling maak van die volle bedrag verskuldig op die laaste dag van elke opeenvolgende kalendermaand. Betalings neem in aanvang op die laaste dag van die eerste maand wat die Verbruiker sy/haar kaart(e) ontvang en sal aanhou vir die tydperk van die ooreenkoms solank as wat enige bedrag verskuldig is aan die Kredietverskaffer.
2.2 Indien die Verbruiker eers sy kaart ontvang na die 15de van enige maand, sal aankope daarna gemaak, betaalbaar wees op die laaste dag van die volgende kalendermaand.

3. REKENINGSTAAT:
3.1 Die Kredietverskaffer sal maandeliks 'n rekeningstaat aan die Verbruiker lewer by wyse van pos of e-pos, volgens die voorkeur van die Verbruiker.
3.2 Die Verbruiker is verplig om seker te maak dat hy sy maandstaat ontvang en indien hy dit nie ontvang nie, is dit sy plig om die Kredietverskaffer skriftelik in kennis te stel. Indien die Verbruiker nie 'n maandstaat ontvang het vir een of ander rede nie, gee dit hom nie die reg of rede om nie te betaal wat verskuldig en betaalbaar is aan die Kredietverskaffer op daardie tydstip nie.
3.3 Indien betaling geskied deur versending van 'n tjek deur middel van pos, sal alle risiko, wat sal insluit maar nie beperk is daartoe nie, bedrog, diefstal of verlies van die tjek, deur die Verbruiker gedra word, ongeag of dit veroorsaak is deur die Kredietverskaffer of een van sy werknemers se nalatigheid of nie.
3.4 Dit is belangrik om u maandstaat na te gaan en seker te maak dat dit korrek is. Indien u enige item of inskrywing op die maandstaat betwis, moet u aan ons skryf binne 30 (DERTIG) dae vanaf datum van die staat waarin dit vervat is, sodat ons ondersoek kan instel oor u klagte, die relevante dokumente met betrekking tot die inskrywing verkry kan word en alle noodsaaklike navrae gedoen kan word.

4. ADMINISTRASIEKOSTES BY WANBETALING:
Indien die Verbruiker versuim om binne die voorgeskrewe tydperk te betaal, soos hierin voorsien, sal die volgende kostes verskuldig wees aan die Kredietverskaffer:
Onbetaalde debietorders/tjeks: R 71.00
Fooi vir aanmaningskrywe: R 28.50

5. VOORTYDIGE AFLOSSING:
Die Verbruiker is geregtig om die totale uitstaande bedrag te enige tyd af te los, met of sonder voorafgaande kennisgewing aan die Kredietverskaffer, op voorwaarde dat die bedrag wat benodig word om die Kredietooreenkoms af te los, die totaal van die onbetaalde balans van die hoofskuld op die betrokke tydstip, sowel as enige onbetaalde rentevorderings en alle ander fooie en kostes betaalbaar deur die Verbruiker aan die Kredietverskaffer tot en met die aflossingsdatum is.

6. VERBRUIKER SE REGTE TOT BEëINDIGING:
Die Verbruiker is geregtig om hierdie ooreenkoms te beëindig deur betaling van alle bedrae verskuldig, soos hierbo uiteengesit, met betrekking tot vroeë aflossing.

7. KREDIETVERSKAFFER SE REGTE TOT BEëINDIGING:
Die Kredietverskaffer is geregtig om hierdie ooreenkoms te beëindig in geval van die Verbruiker se nie-nakoming van enige terme van die ooreenkoms. By beëindiging sal die volle uitstaande bedrag verskuldig aan die Kredietverskaffer, onmiddellik verskuldig en betaalbaar wees.

8. ADRES VIR KENNISGEWING:
8.1 Die Kredietverskaffer kies die adres op die aansoekvorm as die adres waar hy dokumente, pleitstukke en kennisgewings met betrekking tot hierdie ooreenkoms, sal ontvang.
8.2 Die Verbruiker kies die residensiële adres op die aansoekvorm as die adres waar hy die diening van alle dokumente, pleitstukke en kennisgewings met betrekking tot hierdie ooreenkoms, sal aanvaar.
8.3 'n Party tot hierdie ooreenkoms mag sy adres verander deur per hand, geregistreerde pos of elektroniese pos 'n geskrewe kennisgewing van die nuwe adres aan die ander party te lewer.

9. KREDIETLIMIET VERMINDERING INGEVOLGE KREDIETFASILITEIT:
Die Verbruiker kan te enige tyd by wyse van 'n geskrewe kennisgewing aan die Kredietverskaffer versoek om die kredietlimiet ingevolge die kredietfasiliteit te verminder.

10. KREDIETBURO INLIGTING:
Die Verbruiker bevestig dat hy bewus is van die volgende en verleen toestemming daartoe:
10.1 Die Kredietverskaffer mag data aangaande die aansoek, opening en sluiting van 'n rekening aan die Kredietburo versend en die Kredietburo mag sodanige inligting bekend maak aan ander geregistreerde Kredietverskaffers vir die voorgeskrewe doeleindes.
10.2 Nie-nakoming van die terme en voorwaardes vervat in die Kredietooreenkoms, sal verwys word na die Kredietburo en die Kredietburo mag sodanige inligting bekend maak aan ander geregistreerde Kredietverskaffers vir die voorgeskrewe doeleindes.
10.3 Die Kredietburo verskaf 'n kredietprofiel en 'n kredietteling van die Verbruiker se kredietwaardigheid.
10.4 'n Verbruiker is geregtig om die Kredietburo te kontak en te versoek dat sy rekords aan hom openbaar word en mag daarop aandring dat onakkurate inligting verbeter word. Die Kredietburo kan gekontak word by die inligting soos verskaf in klousule 1.10.
10.5 Die Kredietverskaffer sal ten minste 20 (TWINTIG) werksdae vooraf by wyse van 'n kennisgewing geaddresseer aan die adres (domicilium) van die Verbruiker, die Verbruiker in kennis stel van sy voorneme om ongunstige inligting aan enige Kredietburo te versend. Enige inligting so versend aan die Kredietburo, sal beskikbaar wees aan alle intekenaars by gemelde Kredietburo.

11. ALGEMEEN:
11.1 Die Kredietverskaffer sal geld betaal, namens die Verbruiker, aan die Verskaffers wie goedere en dienste aan die Verbruiker gelewer het. Die Verbruiker onderneem om alle bedrae verskuldig in die verband, aan die Kredietverskaffer te betaal in ooreenstemming met die Terme en Voorwaardes hierin vervat.
11.2 Die Kredietverskaffer onderneem om alle betalings vir en namens die Verbruiker te maak by ontvangs van 'n geldige eis van die Verskaffer.
11.3 Die Kredietverskaffer sal 'n b-Smart Kaart aan elke Verbruiker en ander genomineerde persone, soos toegelaat ingevolge die Kredietverskaffer se absolute diskresie, uitreik.
11.4 Onderhewig aan die Terme en Voorwaardes soos uiteengesit hierin, is die Verbruiker daarop geregtig om die b-Smart Kaart te gebruik en alle voordele te benut soos dit van tyd tot tyd aan hom aangebied word.
11.5 Die Verbruiker erken dat die b-Smart Kaart te alle wesenlike tye die eiendom van die Kredietverskaffer sal bly en sal verplig word om enige b-Smart Kaart wat ten gunste van die Verbruiker uitgereik is, aan die Kredietverskaffer terug te besorg op versoek van die Kredietverskaffer.
11.6 Die Verbruiker sal sy/haar b-Smart Kaart na behore versorg, wat onder andere die neem van redelike stappe insluit om verlies, diefstal of skade daaraan, te voorkom.
11.7 In geval van diefstal of verlies van die b-Smart Kaart, of indien die Verbruiker bewus word daarvan dat die b-Smart Kaart deur 'n ander persoon as die Verbruiker gebruik word, is die Verbruiker verplig om Kaapse Verbruikers by (021) 409 7600 gedurende kantoorure (08:30 - 16:30) of Nedbank, agent van die Kredietverskaffer, na-ure, by Tolvrye nommer 0800 110 929, summier daarvan in kennis te stel.
11.8 Die Kredietverskaffer sal nie die Verbruiker aanspreeklik hou vir enige gebruik van die kredietfasiliteit nadat die Verbruiker die diefstal of verlies van die betrokke kaart aangemeld het nie, tensy:
11.8.1 Die Verbruiker se handtekening voorkom op die kwitansie, koopbewys of soortgelyke dokument wat die besondere gebruik van die kredietfasiliteit bewys; of
11.8.2 Die Kredietverskaffer oor ander voldoende getuienis beskik om vas te stel dat die Verbruiker daartoe gemagtig was of verantwoordelik was vir daardie besondere gebruik van die kredietfasiliteit.
11.9 Die Kredietverskaffer sal die Verbruiker skriftelik in kennis stel ingeval van enige verandering van die koste van krediet van toepassing op hierdie ooreenkoms.

12. REGTE VAN DIE VERBRUIKER:
12.1 'n Maandelikse kredietlimiet, soos per die kwotasie wat aan u verskaf sal word, sal aan die Verbruiker geallokeer word.
12.2 Die Verbruiker sal 'n jaarlikse bonus ontvang soos bekend gemaak deur die Kredietverskaffer in terme van die Akte van Oprigting en die Statute van die Kredietverskaffer. Hierdie Bonus is gebasseer op bydraes deur aankope gemaak gedurende die finansiële jaar van die Kredietverskaffer, welke datums Julie tot Junie is en wat inwerking sal tree as 'n krediet op die daaropvolgende November se staat.
12.3 Die Kredietverskaffer sal gereelde bydraes maak tot die absolute diskresie van die Kredietverskaffer, tot die Verbruiker se Reserwefonds wat gehou word vir en ten behoewe van die Verbruiker in terme van die Akte van Oprigting en Statute van die Kredietverskaffer. Die fondse gehou in die Verbruiker se Reserwefonds sal aan die Verbruiker betaal word by beëindiging van lidmaatskap soos bepaal in die Akte van Oprigting en Statute, behalwe in die geval waar lidmaatskap beëindig word as gevolg van enige versuim in terme van die ooreenkoms, deur die Verbruiker.
12.4 Die Verbruiker mag van tyd tot tyd 'n "Lys van Verskaffers" aanvra wie aangewese Verskaffers is, met wie die Kredietverskaffer gekontrakteer het vir en namens die Verbruikers.
12.5 Die Verbruiker sal geregtig wees om die b-Smart Kaart aan Verskaffers in die plek van betaling te tender, en onderhewig aan paragraaf 12.6 hierin vervat, sal die Kredietverskaffer verplig wees om betaling vir en namens die Verbruiker aan die betrokke Verskaffer te bewerkstellig, tot en met 'n maksimum bedrag soos ingevolge die rekeninglimiet.
12.6 Die Kredietverskaffer sal nie aanspreeklik wees om betaling in verband met enige aankope deur die Verbruiker by 'n handelaar, wie nie as 'n Verskaffer hierin gedefinieer word nie, te bewerkstellig nie.

Aansoeker se paraaf:

Gade:

12.7 Die Verbruiker kan aansoek doen vir 'n begrotingsfasiliteit na 'n lidmaatskap van 6 (SES) maande en indien dit goedgekeur word, sal die Kredietverskaffer die Verbruiker toelaat om die uitstaande begrotingsfasiliteitbedrag terug te betaal oor 'n verlengde tydperk (maksimum van 36 maande). Geen aankope van minder as R300,00 sal kwalifiseer vir die begrotingsfasiliteit nie.
12.8 Die Verbruiker sal ook geregtig wees om aansoek te doen vir 'n lening na lidmaatskap van 6 (SES) maande, en indien dit goedgekeur word sal die Kredietverskaffer die Verbruiker toelaat om die uitstaande lening terug te betaal oor 'n verlengde tydperk ('n vaste rentekoers van maksimum 24 maande of 'n gekoppelde prima koers van maksimum 36 maande).
12.9 Indien die Verbruiker na 'n nuwe aansoek vir 'n Begrotingsrekening of 'n persoonlike lening kwalifiseer, en indien die Verbruiker 'n nuwe ooreenkoms(te) met betrekking tot bogemelde met die Kredietverskaffer aangaan, word dit op rekord geplaas dat indien die Verbruiker versuim om betalings te maak ingevolge hierdie ooreenkoms, of enige ander ooreenkoms, wat dit mag hê met die Kredietverskaffer, alle gelde verskuldig aan die Kredietverskaffer ingevolge hierdie ooreenkoms, of enige ander ooreenkoms, onmiddellik verskuldig en betaalbaar sal wees.
12.10 Die Verbruiker is geregtig daarop om enige bedrag verskuldig aan die Kredietverskaffer ingevolge hierdie ooreenkoms, enige tyd vooruit te betaal, sonder nadeel of kennisgewing. Indien die Verbruiker meer as een ooreenkoms met die Kredietverskaffer het, moet die Verbruiker die ooreenkoms duidelik spesifiseer in sy versoek om enige bedrag vooruit te betaal.
12.11 Indien die Verbruiker verlang om sy kredietlimiet te enige tyd te verhoog, mag hy skriftelik die Kredietverskaffer daartoe versoek en die genoemde versoek sal oorweeg word sodra 'n nuwe finansiële assessering voltooi word deur die Kredietverskaffer. Die versoek om 'n verhoging gaan nie gepaard met die jaarlikse outomatiese verhoging van die Verbruiker se kredietlimiet nie en indien die Verbruiker aansoek doen in die korrekte spasie op die aansoekvorm, mag die Kredietverskaffer ingevolge sy absolute diskresie die versoek toestaan of weier.
12.12 Indien die Verbruiker die Kredietverskaffer versoek het om outomaties die kredietlimiet van tyd tot tyd te verhoog, sal die Kredietverskaffer dit eensydig ingevolge die betrokke Wet doen.
12.13 Die Verbruiker is geregtig om die volgende te doen:
12.13.1 Aansoek te doen by 'n Skuldberader om te verklaar dat die Verbruiker te veel skuld het;
12.13.2 'n Geskil met betrekking tot die Kredietverskaffer by wyse van 'n alternatiewe dispuut oplossingsagent, verbruikershof of ombud met jurisdiksie, op te los;
12.13.3 'n Klag met betrekking tot die Kredietverskaffer by die Nasionale Kredietreguleerder in te dien; en
12.13.4 'n Aansoek by die Tribunaal te loods.
12.14 Dit word op rekord geplaas dat die Verbruiker ingelig is dat die kontakbesonderhede van die Nasionale Kredietreguleerder soos volg is:
15de Straat 127, Randjespark, MIDRAND
Skakelbord: 011 554 2600
Oproepsentrum: 0860 627 627 of 0860 NCR NCR
E-pos: info@ncr.org.za of complaints@ncr.org.za,
Webtuiste: www.ncr.org.za
12.15 Kontakbesonderhede van die Ombudsman vir Krediet is as volg:
Oproepsentrum: 0861 662 837 of 0861 OMBUDS
E-pos: ombud@creditombud.org.za, Webtuiste: www.creditombud.org.za

13. VERPLIGTINGE VAN DIE VERBRUIKER:
13.1 Die Verbruiker onderneem om aan die Kredietverskaffer alle kostes soos vervat in die kwotasie wat in terme van die aansoek verskaf sal word en wat deel van hierdie ooreenkoms sal wees indien die Verbruiker dit aanvaar, te betaal, soos vervat in die Verbruiker se maandstaat van tyd tot tyd, wat administrasiekostes en rente soos uiteengesit in die kwotasie, sal insluit.
13.2 Die Verbruiker onderneem om die Kredietverskaffer alle/enige bedrae wat betaal sal word aan die Verskaffers deur die Kredietverskaffer vir en namens die Verbruiker, te betaal in verband met alle aankope gedoen deur die Verbruiker, of enige ander persoon soos omskryf in paragraaf 11.3, ingevolge die terme van paragraaf 12.6 hierin, welke bedrag betaal sal word aan die Kredietverskaffer voor of op die verskuldigde datum en in die bedrag wat gereflekteer word in die maandstaat wat aan die Verbruiker deur die Kredietverskaffer gepos/e-pos (volgens voorkeur van die Verbruiker) word. Hierdie verpligting om betalings aan die Kredietverskaffer te bewerkstellig, is onvoorwaardelik en onherroepbaar, ongeag of:
13.2.1 Die Verbruiker self of enige ander party by wyse van die b-Smart Kaart betaal; en/of
13.2.2 Die aangetekende bedrag met betrekking tot sodanige aankope korrek is, of nie; en/of
13.2.3 Daar 'n geskil tussen Verskaffers en die Verbruiker is; en/of
13.2.4 Die Verskaffers daarop geregtig is om betaling van ander bronne te ontvang.
13.3 Die maandstaat dien as prima facie (op die oog af) bewys van die Verbruiker se verpligtinge teenoor die Kredietverskaffer met betrekking tot aankope en die Verbruiker onderneem hiermee dat die onus om die teendeel te bewys, op die Verbruiker berus.
13.4 Die Verbruiker waarborg en onderneem om nie die aangewese kredietlimiet ingevolge die kwotasie te oorskry nie. Tot die mate waartoe die Wet op hierdie ooreenkoms van toepassing is:
13.4.1 Mag die Verbruiker nie sy kredietlimiet oorskry nie, tensy die Kredietverskaffer se skriftelike toestemming vooraf verkry is nie. Indien die Kredietverskaffer enige koopbewys of aankoop vereffen wat die kredietlimiet oorskry, impliseer dit nie dat die Kredietverskaffer die Verbruiker se kredietlimiet permanent verhoog het nie; en
13.4.2 Indien die Verbruiker die betrokke kredietlimiet oorskry, stel dit kontrakbreuk daar en sal alle bedrae verskuldig aan die Kredietverskaffer ingevolge hierdie ooreenkoms, onmiddellik verskuldig en betaalbaar word sonder enige verdere kennisgewing aan die Verbruiker.

14. BEëINDIGING:
14.1 Hierdie ooreenkoms sal vir 'n onbepaalde tydperk voortduur, maar is onderhewig aan die bepalings hierin vervat, sowel as dat dit deur die Kredietverskaffer gekanselleer mag word op voorwaarde dat die Kredietverskaffer ten minste 10 (TIEN) werksdae voor die kredietfasiliteit gesluit word, 'n skriftelike kennisgewing aan die Verbruiker rig.
14.2 In die geval van beëindiging van hierdie ooreenkoms, om watter rede ook al, sal alle uitstaande bedrae op persoonlike lenings en begrotingsrekeninge na die Verbruiker se b-Smart-kaart rekening oorgedra word.
14.3 Indien die Verbruiker 'n afbetalingsreëling met die Kredietverskaffer tref, nadat die Verbruiker se rekening gesluit is, beteken dit nie dat die Verbruiker se rekening heropen word of dat die Verbruiker se kredietlimiet herstel word nie.

15. KONTRAKBREUK:
15.1 Die Kredietverskaffer behou die reg voor om, indien die Verbruiker enige terme van die ooreenkoms verbreek, die Verbruiker se rekening te sluit en die kaart/e te kanselleer. Sou dit gebeur, sal die Verbruiker aangemaan word om die volle uitstaande bedrag verskuldig aan die Kredietverskaffer te betaal en om die kaart/e onmiddellik aan die Kredietverskaffer te oorhandig.
15.2 Indien die Kredietverskaffer verrigtinge instel teen die Verbruiker vir die verhaal van enige bedrag verskuldig in terme hiervan, stem die Verbruiker toe:
15.2.1 tot die jurisdiksie van die Landdroshof vir die doeleindes van enige verrigtinge ingestel teen die Verbruiker in terme van hierdie ooreenkoms, nieteenstaande die feit dat die bedrag geëis andersins buite die jurisdiksie van bovermelde hof val; en
15.2.2 om alle regsonkostes te betaal op prokureur- en kliëntskaal en sal dit rente, opsporingsfooie en invorderingskommissie insluit, na gelang van die geval.
15.3 Die partye kom ooreen dat hierdie ooreenkoms ontstaan op die plek waar en wanneer die Kredietverskaffer bewus word van die Verbruiker se aanvaarding van die kwotasie en Terme en Voorwaardes.
15.4 Indien die Verbruiker enige Terme en Voorwaardes hierin vervat verbreek, sal die Verbruiker alle voorregte en gelde, insluitend die jaarlikse bonus en die Verbruiker se aandeel in die Reserwefonds, soos gehou deur die Kredietverskaffer vir en namens die Verbruiker, aan die Kredietverskaffer verbeur.
15.5 Die Verbruiker verleen aan die Kredietverskaffer die reg om 'n opsporingsagent aan te stel indien die Verbruiker in gebreke bly ingevolge die ooreenkoms en die Kredietverskaffer nie in staat is om die Verbruiker op te spoor nie.

16. AANSOEK OM SKULDHERSIENING:
16.1 Die Verbruiker het die reg om 'n Skuldberader te nader om oorverskuldig verklaar te word.
16.2 Die Verbruiker mag nie oorverskuldig verklaar word indien die Kredietverskaffer reeds in terme van paragraaf 17.3 hiervan met regsaksie begin het nie.
16.3 Die Skuldberader sal bepaal of die Verbruiker oorverskuldig is en indien die Verbruiker beweer dat die kredietverlening roekeloos was, sal die Skuldberader 'n bevinding maak of die kredietooreenkoms inderdaad roekeloos was.
16.4 Die Skuldberader kan die Verbruiker se aansoek verwerp of mag die aanbeveling maak dat die Verbruiker en die onderskeie kredietverskaffers oorweging daaraan gee en ooreenkom om die skuld te herrangskik.
16.5 Indien die Skuldberader bevind dat die Verbuiker inderdaad oorverskuldig is, kan die Skuldberader 'n voorstel maak, waarin hy aanbeveel dat die landdroshof 'n gepaste bevel maak.
16.6 Indien die Skuldberader se aanbeveling, deur die Verbruiker en die kredietverskaffers aanvaar word, kan die ooreenkoms in die vorm van 'n bevel vervat word en indien al die partye toestem daartoe, sal dit by die Skuldberader geliasseer word as 'n bevel by ooreenkoms.
16.7 Indien die Skuldberader die voorstel verwerp, kan die Verbruiker met die toestemming van die gepaste landdroshof direk die hof nader vir die gepaste bevel.
16.8 Kontakbesonderhede van die National Debt Mediation Association (NDMA) is as volg:
Hulplyn: 086 111 6362 of 086 111 NDMA
E-pos: info@ndma.org.za, Webtuiste: www.ndma.org.za

17. INVORDERINGSPROSES:
17.1 Indien die Verbruiker versuim om betaling te maak in terme van die kredietooreenkoms, sal die Kredietverskaffer skriftelik kennis gee aan die Verbruiker en voorstel dat die Verbruiker die ooreenkoms verwys na 'n Skuldberader, 'n alternatiewe dispuut oplossingsagent, die Verbruikershof of die ombud met jurisdiksie, met die bedoeling dat die partye die dispuut oplos of op 'n plan ooreenkom om betalings op datum te bring.
17.2 Indien die Verbruiker aansoek gedoen het vir skuldhersiening in terme van Artikel 86 van die Wet en die hersiening nie afgehandel is binne 60 (sestig) besigheidsdae nadat die Verbruiker daarvoor aansoek gedoen het nie, kan die Kredietverskaffer 'n kennisgewing in terme van Artikel 86 (10) van die Wet stuur, in terme waarvan die skuldhersiening beëindig word.
17.3 Die Kredietverskaffer kan die hof nader vir 'n bevel in terme waarvan die ooreenkoms afgedwing word, indien die Verbruiker op die tydstip meer as 20 (twintig) besigheidsdae in versuim is en indien daar reeds ten minste 10 (tien) besigheidsdae verloop het, nadat die versuimbrief of kennisgewing hierin na verwys, aan die Verbruiker gelewer is (gemelde 10 dae-periode kan gesamentlik met die 20 dae-periode loop) en as die Verbruiker versuim om te reageer op die versuimbrief, of die Kredietverskaffer se voorstelle verwerp.

18. SESSIE:
Die Verbruiker magtig onherroeplik en in rem suam (aangaande my sake/aangeleenthede) hiermee die Kredietverskaffer om aan enige een of meer Verskaffers, alle regte in titel en belang in alle of 'n gedeelte van die Verbruiker se verpligtinge teenoor die Kredietverskaffer van tyd tot tyd te sedeer.

19. GEEN-WYSIGING:
Geen toevoeging tot of wysiging, konsensuele kansellasie of novasie van hierdie ooreenkoms, en geen afstanddoening van enige reg voortspruitend vanuit hierdie ooreenkoms of skending of beëindiging daarvan, sal van krag wees tensy dit op skrif gestel en deur alle betrokke partye of hul behoorlik gemagtigde verteenwoordigers onderteken word nie.

20. VERSLAPPING:
20.1 Die Verbruiker kom ooreen dat geen verslapping of toegewing wat deur die Kredietverskaffer verleen word en geen nalate van die Kredietverskaffer om tydig en/of na behore regte ingevolge hierdie ooreenkoms af te dwing, sal geag word as 'n afstanddoening van enige reg nie; en
20.2 Die Verbruiker sal nie sy regte hierin sedeer, toedeel, oordra of vervreem aan 'n derde party nie.

21. VIR EN NAMENS REGSENTITEITE:
Indien die Verbruiker ingevolge hiervan 'n Beslote Korporasie, Privaat- of Publieke Maatskappy of 'n Trust is, waarborg die persoon wie die kwotasie/kredietfasiliteit namens die betrokke entiteit aanvaar, dat hy behoorlik daartoe gemagtig is en aanvaar hy as borg en mede-hoofskuldenaar van die betrokke entiteit, aanspreeklikheid vir betaling van die verskuldigde bedrag ingevolge hiervan.

VIR KANTOORGEBRUIK:

Bestuurder _____ Datum _____

Aanvaar te Kaapstad

Kredietlimiet _____

Aansoeker se paraaf:

Gade: